

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (30)

2. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: Ongeveer 50 minute
   AFDELING B: Ongeveer 25 minute
   AFDELING C: Ongeveer 45 minute

3. Lees ALLE instruksies sorgvuldig deur.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

6. Trek 'n streep ná elke afdeling voltooi is.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: ARTIKEL

# Die krag van Afrikaanse reklame

**Pendoring – die gesogste prys vir reklame in Afrikaans**

1 Die organiseerders van die Pendoring-reklamekompetisie glimlag breed, want Pendoring-borge staan bankvas agter Afrikaans as reklametaal. Dit blyk duidelik uit die volgehoue steun van stigtersborge asook uit die groeiende aantal nuwe borge wat deel van Pendoring is.

2 Daar is meer as vyfmiljoen Afrikaanssprekende mense in Suid-Afrika, wat 15% van die totale bevolking verteenwoordig. Dié Afrikaanse mark is jaarliks meer as R289 miljard werd. <u>Dit is dus 'n mark wat beduidende koopkrag het en bemarkers moet gereeld hieraan herinner word</u>. En dis presies wat Pendoring doen.

3 Die behoud van Afrikaans is vir Afrikaanssprekendes so belangrik dat hulle selfs 'n nasionale monument opgerig het om hulle taal te vereer en gevolglik is Afrikaanssprekende lesers lojaal teenoor die handelsname wat hulle taal ondersteun. Swak taalgebruik en spelfoute in Afrikaanse advertensies krap lesers om en adverteerders moet die impak wat dit op die reputasie van hul handelsnaam kan hê, nie onderskat nie.

4 "Afrikaanses se sintuie van sien en hoor is Afrikaanssensitief. Die frekwensie van hul sintuie is op Afrikaans ingestel en anker Afrikaans as 'n taal van lees, praat, luister, redeneer en vertel. Afrikaans is nie 'n indringer nie, maar eg aan die land. Sy behoud is die mense wat Afrikaans praat. Hulle skep en onderskraag 'n bewustheid vir Afrikaans," meen Bokkie Gerber (oudredakteur van *Rapport*).

5 Karen Meiring, hoof van Afrikaanse kanale op M-Net, is van mening dat die erkenning en motivering wat Pendoring aan die Afrikaanse reklamebedryf gee, van deurslaggewende belang is vir 'n gesonde, skeppende Afrikaanse reklamebedryf.

6 Sy sê: "Kykers is geweldig uitgesproke oor swak reklame in Afrikaans. Behalwe dat hulle dit veel beter as enige ander taal verstaan, is dit hul hartstaal. Handelsname wat in Afrikaans adverteer, het dus nie net 'n baie sterker beeld by die Afrikaanse verbruiker nie, maar geniet ook hul voorkeur. Die sukses van Afrikaanse reklame en die vrugte wat dit bemarkers en handelsname in die sak bring, maak die gebruik van Afrikaans in reklame beslis die moeite werd. Die trefkrag van die advertensie speel ook 'n groot rol."

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


7 Andries Cornelissen, nuusredakteur van eNuus, meen dat dit gepas vir die nuusdiens se betreklik jong handelsnaam is om – as borg – Pendoring te ondersteun. Dit bied die kanaal die ideale geleentheid om handelsnaam-bewustheid by die publiek te vestig. Cornelissen glo vas dat adverteerders wat met die gerekende en welgestelde Afrikaanse teikenmark in hul moedertaal praat, aangenaam verras sal wees deur dié teikenmark se lojaliteit en ondersteuning.

8 Maar groot handelsname sal net in Afrikaanse reklame belê as die gehalte hoog is en hulle 'n opbrengs op hul belegging sien, nie 'n maklike proses nie! Die Afrikaanse reklamebedryf moet dus kan kers vashou by die beste wat in Engels aangebied word – 'n besondere uitdaging gegewe dat Engels eintlik die globale advertensietaal is.

9 Pendoring is 'n onontbeerlike vennoot in dié proses. Dit laat die kollig op Afrikaanse reklame skyn terwyl die verhoog eintlik oorweldigend Engels is.

10 Bemarkers en groot handelsname moet voortdurend herinner word aan die waarde van Suid-Afrika se inheemse tale, waaronder Afrikaans. "Indien nodig, moet ons nie huiwer om met ons rande en sente te praat nie. Die ouens wat Afrikaans erken, moet dit voel. So ook dié wat Afrikaans afskeep. As my taal nie goed genoeg is vir jou nie, is my geld ook nie," sê Tim du Plessis, hoof van Afrikaanse koerante by Media24.

11 Volgens Japie Gouws, groep besturende direkteur van die ATKV, 'n stigtersborg van Pendoring, is dit vir dié organisasie baie belangrik dat Afrikaans op alle vlakke, met inbegrip van die bemarkings- en reklamebedryf, gehandhaaf word. "Juis omdat Afrikaans veral in laasgenoemde bedryf onder druk is en om bewustheid van Afrikaans oor 'n breë front te verhoog, is die ATKV vanjaar weer bankvas agter die Pendoring-toekennings. Ofskoon die ATKV baie inklusief is en streekstale erken, sê die organisasie se vier hooffokusareas – taal, die kunste, gemeenskappe en die onderwys – presies waarom goeie Afrikaans in die breë sin vir ons en ons lede belangrik is. Afrikaans is nie net 'n 'praattaal' nie; dit het 'n stewige grondslag en vele fasette, wat in stand gehou moet word."

12 Gouws beklemtoon egter dat daar, ondanks die druk wat Afrikaans tans aan vele fronte ervaar, nog vele lojale mense is wat 'n bydrae ter wille van Afrikaans se voortbestaan wil maak.

13 Afrikaanssprekendes verteenwoordig die derdegrootste taalgroep in Suid-Afrika en volgens Linda Gibson, uitvoerende hoof van Ads24, is daar 'n bemoedigende toename in uitstekende, skeppende reklame in Afrikaans. Hulle staan vierkantig agter Afrikaans se reklameskeppers en wil hulle aanmoedig om in die bedryf te bly, te groei en te ontwikkel sodat bemarkers met hierdie gesogte teikenmark kan kommunikeer.

[Aangepas uit www.Pendoring.co.za]


Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

1.1 Skryf die redes vir die organiseerders van die Pendoring-kompetisie se glimlagte neer. (2)

1.2 Verduidelik die implikasie van die onderstreepte sin in paragraaf 2. (2)

1.3 Waarom kan Afrikaanssprekendes volgens paragraaf 3 as uniek beskou word? Noem TWEE redes. (2)

1.4 Om Afrikaanssensitief te wees hou beslis voordele vir die taal in.

Lewer in DRIE sinne kommentaar op dié stelling aan die hand van paragraaf 4. (3)

1.5 Watter raakpunte is daar tussen paragraaf 3 en paragraaf 6 ten opsigte van Afrikaanse reklame? (2)

1.6 Waaraan kan die sukses van Afrikaanse reklame volgens paragraaf 6 toegeskryf word? Noem TWEE sake. (2)

1.7 Noem die rede waarom eNuus by Pendoring betrokke geraak het. (1)

1.8 Die adverteerders sal aangenaam verras wees deur die Afrikaanse teikenmark se lojaliteit en ondersteuning.

Is dit ’n FEIT of ’n MENING? Motiveer jou antwoord. (2)

1.9 Onder watter TWEE omstandighede sal maatskappye in Afrikaanse reklame belê? (2)

1.10 Verklaar waarom die teks na Engels as ‘globale advertensietaal’ (paragraaf 8) verwys. (1)

1.11 Watter boodskap stuur Tim du Plessis as hoof van Afrikaanse koerante by Media24 aan die handelswêreld uit? (1)

1.12 Wat behels die begrip *inklusiwiteit* ten opsigte van die ATKV? (1)

1.13 Waarvan is Ads24 ’n voorstander? (1)

1.14 Dink jy Karen Meiring se siening oor die Afrikaanse reklamebedryf (in paragraaf 5) dra by tot die bevordering van die Afrikaanse taal? Motiveer jou antwoord met DRIE redes uit paragraaf 10–13. (3)


**EN**

 Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

**TEKS B: BROSJURE**









# KUNS-KENADES

As jy kan babbel dat die spoeg spat, dans dat die stof so staan, 'n kitaar kan tokkel, met jou toneelspel hartsnare roer, is die ATKV die plek waar jou passie 'n tuiste sal vind. Met kompetisies soos die Rieldans, Tienertoneel, Applous en Muziq kan jy ander kultuurvampiere wys presies waar Dawid die wortels gegrawe het. Of volg een van ons kursusse soos Filmfundi waar fliekvlooie touwys gemaak word om hul eie films te maak.

By die ATKV praat ons nie net Afrikaans nie, ons doen dit. Laat gly jou muis na www.atkv.org.za om te sien hoe jy die kuns in kunssinnigheid kan uitleef.





[Aangepas uit *Pendoring '12*, 25 September 2012]

1.15 Wanneer is iemand volgens Teks B *kunssinnig*? (1)

1.16 Bewys met 'n voorbeeld uit Teks A of Teks B dat die ATKV nie slegs praters is nie. (1)

1.17 Verduidelik hoe DRIE hooffokusareas van die ATKV (volgens paragraaf 11 van Teks A) met Teks B skakel. (3)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

- Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van die **sewe wenke wat aan disleksielyers gegee word**.
- Jou opsomming moet puntsgewys (in SEWE volsinne) of paragraafvorm in jou eie woorde aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde wat jy gebruik het, aan.

# JY IS NIE DOM OF LUI NIE

Wat het Richard Branson, Walt Disney en Keira Knightley gemeen? Hulle is al drie supersuksesvol. Hulle het ook al drie disleksie. Hulle het egter nie toegelaat dat dié leerprobleem hulle van sukses beroof nie.

“Leerprobleme, soos disleksie, is ’n toestand waarmee ’n mens gebore word. Mense met disleksie is nie dom of lui nie. Die meeste van hulle het ’n bogemiddelde intelligensie,” skryf ’n kenner op www.kidshealth.org.

Volgens die Internasionale Disleksievereniging is disleksie ’n taalgebaseerde leerprobleem, ’n neurologiese steurnis wat lees moeilik maak. So ’n leerprobleem kan oorerflik wees en breinontwikkeling speel dalk ’n rol. ’n Lae gewig by geboorte, ’n suurstoftekort of vroeggeboorte kon ook ’n impak op die ontwikkeling van die brein gehad het. Die presiese oorsaak van disleksie bly egter steeds ’n raaisel.

Wat nou? Beteken disleksie die einde van jou drome? Allermins!

Een van die belangrikste behandelingsmoontlikhede is om vroeg reeds met spraakterapie te begin, sodat jy die fyn verskille tussen woorde en klanke leer waarneem, klanke binne woorde in volgorde leer onthou en lettergrepe en klanke leer saamvoeg. Besoek leesklinieke – wat betekenisvolle lees- én skryfoefeninge insluit – om suksesvol te wees.

Disleksielyers kan boonop self iets aan die probleem doen! Gebruik ’n bandopnemer sodat jy tuis weer na die feite wat in die klas bespreek is, kan luister. Dis ook nuttig om met behulp van prentjies te leer. Die visualisering van leermateriaal versterk die vaslegging van beelde in die brein. Dis eweneens belangrik om nie op die nippertjie te begin leer nie. Voorbereiding vir toetse en eksamens moet dwarsdeur die jaar, op ’n daaglikse grondslag, plaasvind. ’n Neiging wat deesdae baie veld wen, is om eksamens verbaal af te lê.

Emosionele ondersteuning deur familielede is baie belangrik, want dit stel dislektiese kinders in staat om in hulle eie vermoë en hul eie talente te glo!

Jy is nie dom of lui nie – jy moet net ’n ander roete kies om by jou bestemming uit te kom, om gróót te word soos Keira Knightley en Richard Branson!

[Aangepas uit *Beeld*, 14 Mei 2012 en www.health24.com/huisgenoot]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

# Fnuik[1] jou winterlamheid!

In die koue 3.3 (lei/ly) 'n mens soms aan lamheid en sukkel om op te staan as jy eers jou sit op 'n rusbank gekry het, 3.4 ... jy ***turbovite*** gebruik!

***Turbovite*** bevat Gingko* en Ginseng om jou brein in snelrat te sit en vitamiene en minerale om energie behoorlik deur jou lyf te laat vloei!

Of jy dus moet werk, studeer of speel, neem gewoon ***turbovite*** en jy sal <u>breed</u> glimlag oor hoeveel jy hierdie winter kan vermag! Dis die slim ding om te doen!

***Turbovite*** is beskikbaar by apteke en uitsoekwinkels in kapsules, stroop, 'n een-'n-dag-fizzy of lekkers.




*turbovite*

<u>briljante</u> energie

[1] kortwiek, strem, belet, verhinder, inkort (*HAT*, 2011)
** In turbovite Whiz-Fizz*

[Aangepas uit <u>www.turbovite.co.za</u> en *Huisgenoot,* 22 Junie 2012]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


3.1 Herskryf die opskrif in die ontkennende vorm. (1)

3.2 Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Voltooi die volgende sin deur die ontbrekende idioom in te vul:

Wanneer ek jou planne fnuik, ry ek jou planne in die ...

A reine.
B sypaadjie.
C war.
D wiele. (1)

3.3 Kies die homofoon wat die beste in reël 2 pas. (1)

3.4 Voltooi die sin in reël 3 deur die ontbrekende voegwoord neer te skryf. (1)

3.5 Waarom is die gebruik van die asterisk in reël 5 noodsaaklik? (1)

3.6 Herskryf die sin in reël 5–6 in die vraende wyse sodat die antwoord slegs 'Ja/Nee' kan wees. (1)

3.7 Gee die intensiewe/versterkte vorm van die onderstreepte woord in reël 8. (1)

3.8 Waarom is die onderstreepte woord in reël 13 doeltreffend? (1)

3.9 Gebruik *briljant* as 'n bywoord in 'n sin. (1)

3.10 Is die visuele voorstelling van die uitwerking van *turbovite* funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

**EN**

eduresourceza.com

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 4: STROKIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**LET WEL:** In dié teks kom taalfoute voor.

**Raampie 1**




**Tienermeisies, van enige nasionaliteit, is seker maar 'n raaisel. My sussie Luané is 'n goeie voorbeeld van die Afrikaner-tienermeisie.**

**Raampie 2**




My ma sê Luané is op soek na haarself en dis natuurlik vir 'n meisie op haar ouderdom. Sy verander omtrent elke Woensdag haar naam, haarstyl, lewensuitkyk en kêrel.

**Raampie 3**




Toe sy haarself Lulu noem, was sy Goth en haar hare swart, en haar kêrel se naam was Spike en hy was twintig en in 'n band. My ma-hulle het niks van hom gehou nie en my pa het gesê hy is heeltemal te oud vir haar en dromspeel is nie 'n beroep nie.

**Raampie 4**




Toe word sy 'n dom blondine en noem haarself Lou en hou van Kallie. Hy was dié senter van die 1ste rugbyspan. Die kys het nie lank gehou nie.

**Raampie 5**





My pa sê Kallie is 'n karnallie. Ma het vir Pa die OOG gegee en vir Luané <u>haarkapper</u> toe gevat om haar te troos.

**Raampie 6**

Toe kom sy terug met 'n bruin bob, word Lou-Anne en vegetaries en hang uit saam met Duane wat in 'n Engelse skool is en aan klopdanskompetisies deelneem. Sy het gedink hy is *cool*, want hy kan oor diep dinge praat soos poësie en so, en nie net van *computer games* en rugby nie. <u>Maar hulle was net vriende</u>.

**Raampie 7**




<u>Luané</u> se gunstelingvak is Kuns, want daarin kan sy net haarself wees.

**Raampie 8**




[Aangepas uit *Vrouekeur*, 28 Oktober 2011]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.1 Identifiseer die woord wat in raampie 1 verkeerd gespel is en skryf dié woord korrek oor. (1)

4.2 Wat was Spike se beroep volgens raampie 3? Skryf dit in suiwer Afrikaans. (1)

4.3 Haal die woorde uit raampie 4 aan wat op stereotipering dui. Motiveer waarom dié stereotipering, binne konteks, nie by Luané pas nie. (2)

4.4 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die pa se woorde in raampie 5? (1)

4.5 Skryf die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woord in raampie 5 neer. (1)

4.6 Gebruik die koppelwerkwoord in die onderstreepte sin van raampie 6 as ’n selfstandige werkwoord in ’n sin van jou eie. (1)

4.7 Brei die onderstreepte woord in raampie 7 met ’n bysin uit. Herskryf die hele sin en onderstreep die bysin. (1)

4.8 Herskryf die sin in raampie 8 in die indirekte rede. (1)

4.9 Motiveer of die aksentteken in raampie 8 noodsaaklik is om die seun se gevoel teenoor Luané uit te druk. (1)
**[10]**

**EN**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 5: RUBRIEK

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### Woorde wat wip: Ersatz, maar Frans sal dit wees

Herman Lategan

1 Die woord *ersatz* word gebruik vir iets wat 'n minderwaardige vervanging van die ware jakob is. Die WAT omskryf dit soos volg:

2 ***ersatz' s.nw. (Duits)*** *[Minderwaardige] vervangmiddel, surrogaat: Hierdie middeltjie is eintlik 'n ersatz vir kasterolie. Sy het altyd 'n durabele smaak gehad en was nooit tevrede met ersatz nie. Ersatz kom veral voor as eerste lid in ss., byvoorbeeld ersatzbier, ersatzproduk, ersatzseep, waarin dit dikw. die bygedagte van iets onegs het.*
*– WAT (hoofred. WF Botha)*

3 Vroeë Afrikaanse skrywers wat met die boheemse wou flankeer, het Parys toe gegaan.

4 Jan Rabie, Breyten Breytenbach, Ingrid Jonker, noem maar op.

5 Só het Parys vir hulle 'n ersatz geword.

6 In Frankryk het die skrywers van Suid-Afrika nes die Franse geleef en probeer praat, maar hulle het egte Suid-Afrikaners gebly. Sommige het daar in relatiewe armoede gewoon; ander het soos sigeuners aan die stad gaan proe vir opwinding voordat hulle weer vort is.

7 Hulle is betower deur die dekadensie van die straatkafees met sy sonder sorge plesiermakers, kabarette laatnag, uitstallings, straatfilosowe, boemelaar-digters en goedkoop, eenvoudige Franse kos en wyn.

8 Geld was skaars en hul lewens meestal gestroop van pretensie en vertoonsug. Dit was tóé. Iewers het dinge drasties verander en daar is nou 'n nuwe geslag wat ons ersatz-Franse kan noem.

9 Daar is 'n hele subkultuur van Afrikaners wat aangetrek is tot hierdie blink leefwyse van nouveau Franse oordadigheid. Plesierig, maar veral swierig, is dié klomp beslis.

10 Van hulle woon in somerpaleise buite die poorte van Parys. Tintelende sangaande word tydens teatrale kaggelaande vir uitverkore toergroepies gereël.

11 Die baba van 'n gereelde besoeker se eerste woordjies was: "Au reservoir[1] [sic] papa." Die arme kind het die klok hoor lui, maar hy weet nie, nes sy ouers, waar die klepel hang nie. Die woord wat hulle eintlik moet leer, is: parvenu.

12 Ersatz-Frans inderdaad.

[1]Jy groet in Frans met 'Au revoir'.

[Aangepas uit *Rapport*, 3 November 2011]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.1 Skryf slegs die lettergreep neer wat die hoofklem in **ersatz** dra. (1)

5.2 Gee EEN woord met min of meer dieselfde betekenis as **ersatz**. (1)

5.3 Skryf die onderstreepte afkorting in paragraaf 2 voluit in woorde. (1)

5.4 Voeg die sin in paragraaf 4 as 'n parentese by paragraaf 3 in. Skryf jou antwoord as EEN volsin neer. (1)

5.5 Skryf EEN woord vir die onderstreepte frase in paragraaf 7 neer. (1)

5.6 Wat is die korrekte vorm van die onderstreepte woord in pararaaf 9? (1)

5.7 Identifiseer 'n woord in paragraaf 9 wat aan Frans ontleen is. (1)

5.8 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 10 in die aktief/bedrywende vorm. (1)

5.9 Hoe dui die skrywer aan dat hy bewus is van die taalfout/spelfout in paragraaf 11? (1)

5.10 In paragraaf 11 word 'n idioom gebruik.

Word die idioom in hierdie konteks gepas gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

eeduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com